

**Woensdag 27 Julie**

**Skrifgedeelte: Romeine 8:18-30**

**Fokusgedeelte: Romeine 8:19-21 (AFR20)**

**Die skepping sal bevry word!**

Dikwels besef Christene nie die volle omvang wat die sondeval en ons eie sonde het nie. Die ongehoorsaamheid van Adam het nie net die dood van ons eie harte beteken nie, maar het ook die hele skepping op 'n radikale manier geraak.

Adam is deur God aangestel om gesag uit te oefen oor God se skepping. Vir dié rede kon Adam ook die diere name gee. Toe Adam egter as kroon van die skepping besluit om eerder aan Satan gehoor te gee as aan God, het sy hele wêreld letterlik in duie gestort. Die kosmos is gevolglik deur God self aan 'n vloek onderwerp. Dood, pyn en verrotting het die heelal deurtrek.

Nou is die dood nie net die onnatuurlike deel van die natuur nie, maar die sondige mensdom verniel en vernietig ook die skepping wat hy eintlik moet "bewerk en bewaak". Sekerlik wek dit daaglik die toorn van die Skepper op!

Die kinders van God het egter hierdie hoop, dat die Here die skepping eendag sal bevry – dit sal gebeur op die dag wat God bekend sal maak wie sy kinders is. Dit wil sê, met die wederkoms. Dan sal ons die nuwe aarde bewoon!

Kan jy dink hoe asemrowend-mooi die skepping sal wees wanneer die vloek van dood en pyn opgehef is? Die besondere band tussen die mens en die grond sal herstel word, sodat ons vir ewig op die nuwe aarde die prag en praal van die skepping sal ontdek, ontplooi en geniet! Dit is die Gees van Christus in God se kinders wat nou reeds by ons hierdie geloofsverwagting kweek!

*Sing: Psalm 19-1:2, 7*

*Ds. GM Boersema (Marnix) (Graaff-Reinet)*